

Hoofstuk van die dag: Numeri 22

> *Daardie nag verskyn God toe aan Bileam en sê vir hom: “Die manne het nou gekom om jou te kom haal. Gaan saam met hulle, maar jy mag net doen wat Ek vir jou sê.” (vers 20)*

Die verhaal van die waarsêer Bileam en sy donkie is in

misterie gehul. Bileam is ’n vreemde karakter, wat die Here selfs “my God” noem (vers 18) en aan Hom gehoorsaam is, weliswaar nie uit liefde nie, maar uit vrees. Tog neem hy deel aan ’n offermaaltyd vir die Moabitiese gode (vers 40).
Die Here laat toe dat hy uiteindelik na Balak gaan, maar Hy word kwaad vir Bileam (vers 22). Vermoedelik het Bileam die hele tyd beplan hoe hy God se vloekverbod kan omseil om tóg die waarsêersloon te kan kry. Uiteindelik móés hy egter die Israeliete seën, al wou Balak hom ’n groot som geld aanbied om hulle te vervloek, want God het dit verhinder.
Mense raak soms op hol en selfs vreesbevange oor die mag van die Bose, en voel magteloos voor sy sluheid. Num 22 verkondig dat Satan niks kan doen wat God hom nie toelaat nie. Ons is nie uitgelewer aan sy boosheid nie. Daarvan verseker Paulus ons ook in Rom 8:31-39 en Ef 6:10-13.

Onlangse Bydraes

- Juda
- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026